2017/07/21
08:17 AM

# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2017/07/21 | DATUM 2017/07/20 | | | + - WEEK GELEDE 2017/07/10 | | + - MAAND GELEDE 2017/06/19 | | + - JAAR GELEDE 2016/07/18 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Data* | Δ | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* |
| DJIA-index | 21612 | -28.97 | -0.1% | 21641 | 0.9% | 21414 | 1.1% | 21384 | 16.6% | 18533 |
| Goud (Spot) | 1245.49 | 6.71 | 0.5% | 1238.78 | 2.8% | 1211.04 | -0.5% | 1251.91 | -6.4% | 1330.07 |
| Brent $/vat | 49.23 | -0.32 | -0.6% | 49.55 | 5.2% | 46.78 | 4.3% | 47.18 | 5.2% | 46.78 |
| 1 € / US$ | 1.1633 | 0.013 | 1.1% | 1.1508 | 2.0% | 1.1406 | 3.9% | 1.1192 | 5.0% | 1.1074 |
| 1 US$ / ZAR | 13.02 | 0.060 | 0.5% | 12.96 | -2.4% | 13.34 | 1.6% | 12.81 | -8.9% | 14.29 |
| Corn | R 2 004.15 | -26 | -1.3% | R 2 030.63 | *CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day | | | | | |
| Wheat | R 2 415.94 | 40 | 1.7% | R 2 376.23 | * CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day | | | | | |
| Soybeans | R 4 846.22 | 8 | 0.2% | R 4 838.18 | * CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day | | | | | |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | | | | | |
| Corn Jul 17 | 391.00 | -7.00 | -1.8% | 398.00 | 2% | 382.00 | 4% | 375.25 | 3% | 380.25 |
| Wheat Jul 17 | 505.00 | 6.00 | 1.2% | 499.00 | -2% | 515.00 | 8% | 467.00 | 1% | 502.00 |
| Soybeans Jul 17 | 1013.00 | -3.00 | -0.3% | 1016.00 | 2% | 996.00 | 8% | 937.75 | -3% | 1041.75 |
| SORGHUM Dec '17 | 3170.00 | 0.00 | 0.0% | 3170.00 | 17.4% | 2700.00 | 17.4% | 2700.00 | -0.9% | 3200.00 |
| WMAZ Spot | 1837.00 | -7.00 | -0.4% | 1844.00 | -0.9% | 1854.00 | 6.3% | 1728.00 | -59.0% | 4485.00 |
| WMAZ Sept 17 | 1875.00 | -5.00 | -0.3% | 1880.00 | -1.5% | 1903.00 | 4.1% | 1802.00 | -58.5% | 4515.00 |
| WMAZ Dec 17 | 1943.00 | -10.00 | -0.5% | 1953.00 | -1.8% | 1979.00 | 3.8% | 1872.00 | -57.2% | 4544.00 |
| YMAZ Spot | 1955.00 | -2.00 | -0.1% | 1957.00 | -1.1% | 1976.00 | 4.5% | 1870.00 | -41.6% | 3348.00 |
| YMAZ Sept 17 | 1955.00 | -36.00 | -1.8% | 1991.00 | -3.6% | 2027.00 | 1.8% | 1921.00 | -42.1% | 3378.00 |
| YMAZ Dec 17 | 2060.00 | -12.00 | -0.6% | 2072.00 | -2.0% | 2101.00 | 3.5% | 1990.00 | -40.0% | 3434.00 |
| SOY Spot | 4795.00 | 33.00 | 0.7% | 4762.00 | -0.6% | 4826.00 | 4.8% | 4575.00 | -32.9% | 7150.00 |
| SOY Sept 17 | 4875.00 | 43.00 | 0.9% | 4832.00 | -1.0% | 4926.00 | 5.5% | 4623.00 | -32.6% | 7235.00 |
| SUN Spot | 4678.00 | 29.00 | 0.6% | 4649.00 | -1.0% | 4726.00 | 2.5% | 4564.00 | -21.8% | 5980.00 |
| SUN Sept 17 | 4787.00 | 24.00 | 0.5% | 4763.00 | -1.7% | 4872.00 | 1.6% | 4711.00 | -21.3% | 6080.00 |
| WHEAT Spot | 4630.00 | 43.00 | 0.9% | 4587.00 | 5.3% | 4397.00 | 4.0% | 4453.00 | 1.5% | 4560.00 |
| WHEAT Dec 17 | 3852.00 | -3.00 | -0.1% | 3855.00 | 1.9% | 3779.00 | -7.9% | 4184.00 | -15.7% | 4569.00 |

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

**Markoorsig:** Die rand was gister op die agtervoet teenoor die doller en het weer effens verswak tot op 'n vlak van net bo die R13.$. Die rand verhandel vanoggend teen R13.03/$, hoofsaaklik nadat die SARB gister 'n daling in die rentekoerse aangekondig het. Die rentekoers is gister verlaag met 25 basispunte en die repokoers is tans op 6.75% terwyl die prima uitleenkoers op 10.25% is. Die rentekoersverlaging was onverwags met die meerderheid van verskeie analiste wat verwag het dat die rentekoerse moontlik onveranderd gelaat sal word in hierdie sitting, maar moontlik later die jaar laer aangepas sou word. Die goewerneur van die SARB het egter aangedui dat alhoewel die inflasiesyfer wel aansienlik laer as die bank se boonste teikenvlak van 6% is, sal dit steeds dopgehou word. Die bank het ook hul plaaslike ekonomiese groeiverwagtinge vir die jaar laer aangepas vanaf die vorige vergadering en dit word nou laer geskat vir die jaar. Ekonomiese groei is tans baie belangrik vir die land en die verlaging van die rentekoerse behoort dit te steun, met die koste van kapitaal wat goedkoper raak en die kan moontlik besteding aanhits wat kan lei tot groei. Die verlaging van die rentekoers is voordelig vir die verbruiker en die laer rentekoerse sal effens verligting bring vir diegene met skuldvlakke.

**Mielies:** Die Amerikaanse mieliepryse het gister ongeveer 8 sent sterker afgesluit en die nuwe seisoen Desember kontrak het teen 'n een week hoogtepunt gesluit om self nog hoër as van die belangrike bewegende gemiddelde pryse te sluit. Die weersvooruitsigte in die VSA is steeds ongunstig en die warmer, droeër weer wat voorspel word is ongunstig vir die bestuiwing van die mielies. Dit bied goeie ondersteuning aan die markte. Die weeklikse uitvoere wat gerapporteer is deur die USDA, is meer as wat die verwagtinge in die mark was en meeste van die uitvoere was na die gewone kliënte in Asië en Latyn Amerika toe. Die Amerikaanse mark bly steeds volatiel en die markdeelnemers hou die weer in die VSA fyn dop aangesien dit tans die grootste rede vir die onsekerheid in die mark is. Die weersvooruitsigte bly tans meer negatief as positief en dit ondersteun die pryse in die VSA. In die nuutste beskikbare USDA produksieskatting was die Amerikaanse mielieproduksie vir die seisoen redelik gunstig geskat, maar die nuwe skatting volgende maand behoort meer klarigheid te gee rakende die impak van die weerstoestande op die produksieverwagtinge. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister meestal onder druk gekom en het laer verhandel, maar slegs klein prysbewegings was gesien in die mark. Die prys van meeste kontrakmaande van beide wit- en geelmielies het effens laer afgesluit. Die mark is steeds onder druk met groot voorraadvlakke plaaslik en die produsente lewerings wat steeds goed inkom en gerapporteer word. Die grootste drywer van die pryse in die plaaslike mark sal hoofsaaklik die internasionale mark en die wisselkoers wees vir die volgende paar maande.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het gister steker verhandel om hoër af te sluit met die weervoorspelling wat warm en droë toestande voorspel in die Midweste. Die Augustus kontrak het hoër as baie belangrike bewegende gemiddelde pryse afgesluit terwyl die November kontrak bo die $10/skepel gesluit het, wat naby aan die hoogtepunt is van net voor die USDA se verslag bekend gemaak was. Die ander internasionale oliesade markte het gister meestal gemeng verhandel met die Kanadese canola mark wat sterker verhandel het, terwyl die Europese raapsaadmark laer afgesluit het. In die weeklikse uitvoerverslag wat deur die USDA vrygestel is, was die sojaboonuitvoere vir die week meer as wat die verwagtinge in die mark was. Die uitvoere van 1.9 miljoen ton was aansienlik hoër as verlede week se 683 105 ton. Die groot sojaboonuitvoersyfers was hoofsaaklik die groot uitvoere wat verlede week na China verskeep is. Ten spyte van die ongunstige weerstoestande is die sojaboon ontwikkeling steeds van 52% in blomstadium steeds goed in lyn met die 51% gemiddeld. Die sojaboonpryse het die afgelope tyd goeie ondersteuning gevind en het die afgelope 3 weke ongeveer 15% hoër verhandel. Die hooffokus in die mark is egter steeds op die weersvooruitsigte met die langtermyn vooruitsigte wat bo normale temperature voorspel word vir Augustus. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister goeie ondersteuning gevind by die sterker internasionale pryse en die plaaslike mark het hoër gesluit in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

**Koring:** Die Amerikaanse koringmark het die meeste van die ander gewasse gevolg gister en het sterker verhandel. Die lentekoring het gister weer die verliese van Woensdag opgemaak met die mark wat Woensdag laer verhandel het nadat daar reën voorspel was vir gedeeltes van die Noordelike Dakota's, maar die mark het gister weer ondersteuning gevind met die weerverslae wat droë toestande toon vir 'n gedeelte van die Suidwestelike gedeelte van Noord Dakota. Met die stroopproses van die winterkoring wat naby aan voltooi is, speel die weer nie meer in hierdie mark so 'n groot rol nie. In die weeklikse uitvoerverslag deur die USDA was die koringuitvoere vir die week aansienlik hoër as wat verwag was, met die weeklikse uitvoere wat op 669 497 ton gerapporteer was teenoor die 365 521 ton van verlede week. Die jaar tot datum koring uitvoere is ook meer as 'n jaar gelede. **Plaaslik:**Die plaaslike koringmark het gister meestal gemeng verhandel met die naby maande wat sterker verhandel het terwyl die Desember kontrak byna onveranderd afgesluit het.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za
**Internasionale Markinsigte & Data:** www.usda.co.za
***Opgestel deur**:Michelle Mokone & Luan Van der Walt/ **Vir navrae, kontak**:Michelle@grainsa.co.za & Luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*